NOTULE VAN BOLAND ROLBAL VERGADERING GEHOU OP VRYDAG, 12 APRIL 2019 TE WORCESTER ROLBALKLUB

1. OPENING

Stoffel open die vergadering met gebed en verwelkom die lede teenwoordig.

2. TEENWOORDIG

Stoffel Lambrechts - President
Ena Linde – Sekretaris
Joggie Snyman - Tesourier
Engela Lambrechts - Wedstrydsekretaris
Theuns Coetzee – Ledewerwing en Bemarking
Leon Meyer – President Weskus
Rosa Cloete – President Overberg
Lorna Viljoen – Wnde. President Winelands
Pieter Linde - Sameroeper Tegniese Beamptes
Gaste: Henry Fourie; Tom Tromp

2.1 VERSKONINGS

Mark Beviss-Challinor – Vice President

3. BYKOMENDE ITEMS

3.1 Terugvoer van Bestuurders van ID-kante.

Elke bestuurder het ‘n Verslagvorm na afloop van die Interdistrikte deurgestuur en slegs sekere knelpunte is gedurende die vergadering belig.

3.1.1 ‘B’ Dames – Annette van der Sandt.

- “B” Dames eindig vierde in hulle groep.
- Huisvesting en vervoer na die klubs was goed.
- Etes deur klubs voorsien goed voorberei.
- Dames altyd netjies geklee en spangees was goed.
- Bane was goed en die reëlings by die klubs was puik.

3.1.2 Open Ladies - Gladys Bradley.

- Open Ladies ended fourth in their group.
- Accommodation was excellent – just missed all of us being together, but was fine.
- Transport to, back and during tournament very good.
- Meals were good. Attended a music function at Roosevelt Park on Wednesday.

3.1.3 ‘B’ Mans – Leon Meyer.

- “B” Mans eindig sesde in hulle groep.
- Huisvesting was goed en sentraal geleë.
- Ontbyt en aandete self kos gemaak – middae by klubs geëet.
- Spangees aanvanklik minder goed maar teen die einde baie goed.
- Perke was goed en spoed van verskillende bane dieselfde.
- Die klubs was goed georganiseerd en netjies.
- Twee oefen wedstryde teen WP dien ‘n baie goeie doel.
- Kern van die B-kant is goed.

3.1.4 Ope Mans – Henry Fourie

- Ope Mans eindig sewende in hulle groep.
- Spangees was oor die algemeen goed ten spyte van gevalle van ongemaklikheid.
- Fasiliteite by klubs was goed en mense vriendelik.
- Sekere van die perke was goed (vinnig) terwyl Ferndale heelwat stadiger was.

- Dissipline was goed en manne het genoegsame slaap ingekry.
- Meeste spelers is gemaklik met ‘n speler as spanbestuurder.
- OPE MANS VERSOEK DAT MEESTERS VOOR INTERDISTRIKTE GESPEEL WORD. BESTE VOORBEREIDING.

3.1.5 Veterane Mans – Riaan Pienaar

- Veterane Mans eindig vierde in hulle groep.
- Vervoerreëlings was goed.
- Almal tevrede met die akkommodasie.
- Etes by die klubs was puik.
- Spangees was goed en spelers het mekaar ondersteun.
- Sommige perke was baie swaar – tot so min as 9,5 – 10 sekondes.
- Het groot aanpassing geverg om aan swaar perke gewoond te raak.

3.1.6 Veteran Ladies - Lorna Viljoen.

- Veteran Ladies won Bronze.
- Accommodation very central and clean.
- Food at some of the clubs was sub-standard.
- Ladies received compliments as always neatly dressed and well-mannered.
- Too many short bowls and not enough bowls in the head a problem.
- Greens were slow – see remark from Riaan Pienaar re speed of greens.

3.1.7 Junior 0/15; 0/20 – T. Coetzee; L. Brown; R. vd Merwe

- **Boland A U/15** het derde in groep geëindig.
- **Boland B U/15** ook derde in groep geëindig.
- **Boland A U/20** het tweede in groep geëindig.
- **Boland B U/20** het vierde in groep geëindig.

Hier en daar is skuiwe binne ‘n span gemaak gedurende wedstryde.

3.2 AJV : SUB-DISTRIKTE

Kennisgewing en versoeke vir Nominasies gevra voor 02 April 2019.

3.3 AJV : BOLAND

Eerste kennisgewing van AJV en versoeke vir Nominasies voor 28 Mei 2019. **Sekretaris**

3.4 Kriteria vir deelname aan Boland Meesters

Dit blyk nodig te wees om die **Kriteria** soos neergelê weer onder oë te neem omdat daar vrae is oor sekere aspekte soos onder andere beskikbaarheid vir ID Toernooie. **Bestuur**

4. GOEDKEURING VAN NOTULE

Die Notule van 11 Januarie 2019 word goedgekeur, met die volgende wysigings:

Punt 5.1.1 Die laaste sin: “Daar moet besin ...2020 en verder.” word geskrap.

Punt 13 Die datum van die volgende vergadering verander na 12 April 2019.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE VAN 11 JANUARIE 2019.

5.1 BSA voorskrifte rakende Grondwet van Boland/streke/klubs

Stoffel noem dat een aspek wat bygewerk moet word te doen het met seksuele teistering. Hy sal met Martin van Zyl hieroor skakel. **Stoffel**

5.2 Finansiering Weskus (ontbondeling)

Die Weskus het soos versoek, ‘n volledige uiteensetting van hulle voorstel rakende ontbondeling voorgelê en Boland Rolbal het skriftelik op elke punt van hierdie dokument geantwoord.

Stoffel beklemtoon dat Boland bewus is van die Weskus se probleme rakende kompetisies, veral ten opsigte van die afstande wat hulle moet aflê. Soos sake nou staan word Boland kompetisies

tussen spelers in die drie sub-distrikte gespeel wat dus in wese beteken dat elke sub-distrik sy eie Boland kompetisies speel, soos wat die Weskus voorstaan. Dit is slegs die finaal wat tussen die die drie streke op Worcester gespeel word. Stoffel noem dat rotering van finale net kan geskied indien Overberg en Wynland daartoe instem. Kompetisies in elke streek kan herdoop word na byvoorbeeld, Overberg Viere, ens. en steeds deur Boland gereël word. Befondsing is egter 'n issue en dit hierdie hele saak sal in detail bespreek moet word in die toekoms.

Theuns noem dat om finansiering te regverdig sien WCPSC elke distrik wat vir fondse aansoek doen as 'n outonome instansie wat verantwoording en terugvoer moet gee aan DCAS oor hulle finansiële en operasionele werkswyse. Dit kan tans nie gebeur met die getalle Boland inskrywings en kompetisie wenners nie, jeens die feit dat geen distrik sulke getalle kan eien as sy distrik se getalle nie.

Om dit maklik en bestuurbaar te maak moet Boland die kompetisie-struktuur desentraliseer, sodat elke speler in sy distrik, onder daardie distrik se naam inskryf, soos bv. 'n Winelands kompetisie. Die kompetisie word in daardie distrik gespeel en die wenners kry dan erkenning as die volwaaardige wenners van die distrik. Die wenners word genooi deur Boland na 'n Boland Interdistrikte waar hulle op die volgende vlak teen mekaar kan deelneem.

Elke distrik het dus hul eie poel atlete, kompetisies en wenners wat inherent die stand van die sport in hul streek weergee. Spelers wat in die Boland Interdistrikte deelgeneem het en daar gewen het, het dus ook vir hul distrik aan die Interdistrikte deelgeneem. Die verskeie befondsings afdelings kan dan maklik gekonsolideer word teenoor sy eie teikens en die uitgawes in daardie distrik. **Bolandbestuur**

5.3 Interdistrikte Kleredrag
Hierdie saak staan oor. **Bestuur**

5.4 Franschhoek Rolbalklub
Hierdie saak staan oor. **Stoffel**

5.5 Stellenbosch/Malmesbury
Hierdie saak sal nie verder aandag geniet nie.

6. FINANSIES

6.1 Finansiële Verslag
Voorgelê aan die vergadering. Daar word beoog om R40 per speler aan distrikte oor te betaal indien die wins dit toelaat. Die begroting van Boland Rolbal sal aan die sub-distrikte deurgestuur word voor die AJV van elke distrik. **Joggie**

6.2 Uitstaande Krediteure & Debiteure
Daar is 'n bedrag van R3 000 uitstaande teenoor Hopefield – hierdie bedrag sal afgeskryf word.

6.3.1 Goedkeuring van Eise
Betaling vir die verversings deur Worcester gereël word goedgekeur. **Joggie**

6.3.2 Begroting
Sal aan die streke deurgestuur word voor hulle Algemene Jaarvergadering. **Joggie**

7. LEDEWERWING EN BEMARKING

7.1 Skedule opgedateer

Die statistiek ten opsigte van Boland se ledetal word kortliks deur Henry Fourie toegelig. Oorhoofs was daar ‘n toename in Boland Rolbal se ledetal van 1374 na 1424 vanaf April 2018 tot April 2019. Klubs soos Barrydale, Bredasdorp, Napier, Montagu en Velddrif het goeie groei getoon, terwyl klubs soos Robertson, Caledon en Greyton se ledetal gedaal het. Henry noem dat Wynland aandag behoort te gee aan hule ledetal. Hy beklemtoon dat dit nodig is dat klubs beplanning moet doen vir ledewerwing oor ‘n tydperk van 12 maande. Groei ten opsigte van ledgetalle kan nie aan die noodlot oorgelaat word nie, maar dat dit beplanning verg deur een of meer lede van elke klub.

Dit is ook belangrik dat klubs wat aan Munisipaliteite behoort korporatiewe en sosiale lede wat hulle geriewe dwarsdeur die jaar gebruik sal laai. Klubs wat nie kan wys dat hulle geriewe dwarsdeur die jaar benut word nie, kan onderhewig wees aan druk ten opsigte van grondhervorming. **Presidente:sub-distrikte**

7.2 Sakeliga

Theuns sal die volgende inligting van die klubs verkry:

- die name van die spanne wat ingeskryf en gespeel het;
- die aantal persone wat geregistreer is;
- die name van die wenspanne. **Theuns**

8. WEDSTRYDSEKRETARIS

8.1 Inskrywings tendens

Stoffel noem dat die inskrywings in kompetisies vergeleke met die vorige jaar in die Weskus afgeneem het met 93, in Wynland toegeneem het met 90 en in Overberg afgeneem het met 17.

8.2 Kwalifiseer vir Boland Finale

In onlangse Veterane Dames Enkels en Driespel was daar elke keer Weskus kwalifiseerders wat onttrek het en hul plekke is deur Overberg speler/span geneem in die finaal. Klubs moet kennis neem dat dit kan gebeur dat spelers/spanne in uitspeel wedstryde in hul streek betrokke kon wees en dan agv onttrekking uit ander streek weer in die finaal teen mekaar te staan kan kom.

9. VERSLAE: SAMEROEPERS

9.1 Afrigters

Die Weskus is in lyn vir ‘n Afrigterskursus, terwyl Overberg ook aangedui het dat hulle belangstel in ‘n kursus vir Afrigters. Streke word versoek om opname vir belangstelling in afrigterskursus hul streke te doen. **Stoffel**

9.2 Tegniese beamptes

Merkerskursus is aan einde van Maartmaand op Hermanus aangebied – 5 kursusgangers. Op die Weskus is ‘n Vlak 2 TB kursus suksesvol aangebied en Boland word gevra om skriftelik te bevestig dat die kandidatuur van die kursusganger goedgekeur word. **Sekretaris**

9.3 Perkemeesters.

Geen verslag.

9.4 Disability Bowls

Lorna Viljoen confirmed that no Blindies from Boland will be going to their Nationals in May.

10. VERSLAE: PRESIDENTE: SUB-DISTRIKTE

10.1 Weskus

Leon Meyer se Verslag word aangeheg. Van belang is dat Weskus Militêr weer begin speel het op hulle baan. Die AJV van Weskus word op 19 Mei op Velddrif gehou. Annette van der Sandt het bedank as Vise-president van Weskus. Verder word gevra dat Boland vergaderings nie op Vrydae gehou word nie.

10.2 Overberg

Rosa se verslag aangeheg. Sy bevestig ook dat sy nie weer beskikbaar is as President van Overberg nie. Overberg het R30 000 van DCAS ontvang, geld wat baie goed aangewend kan word.

10.3 Winelands

Lesley Beviss-Challinor has resigned as President and Lorna Viljoen will be acting President until the AGM of Winelands. Lorna confirmed that Winelands Received R70 000 from DCAS, a windfall that will come in very handy. **Lorna**

11. KORRESPONDENSIE

11.1 BSA Omsendbriewe

Kennis geneem van Omsendbriewe 2019/03-19.

12. ALGEMEEN

Geen.

13. VOLGENDE VERGADERING

Geskeduleer vir 7 Junie op Hermanus

_____ _____

PRESIDENT **SEKRETARIS**

_____

DATUM